# Proefskrifbespreking

HG van der Westhuizen – Van Deventer, HT 1985. *Die begronding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se onderwysbeleid, 1902–1985: 'n Bydrae tot 'n opvoedingsteologie* ..... 765

# Boekbespreking

GMM Pelser – Schmithals, W 1985. *Einleitung in die drei ersten Evangelien* ..... 776

HF Stander – Klijn, AFJ 1984. *Apokriefen van het Nieuwe Testament, Volume I* ..... 781

E Engelbrecht – Du Toit, AB (red) 1984. *Die Pauliniese briewe: Inleiding en teologie* ..... 783

HG van der Westhuizen – Van der Walt, BJ et al 1986. *Sodat my huis vol kan word: Reformatoriese perspektiewe op ons evangelisasie-roeping vandag* ..... 785

PB Boshoff – Ds Vlampie 1985. *Wie is dit wat onnodig seerkry? 'n Boek oor verslawing en verlossing* ..... 790

HJ Botes – Dreyer, PS 1985. *Geboorte – Huwelik – Dood.* (Hersiene verbeterde uitgawe) ..... 790

# Proefskrifbespreking

**Van Deventer, HT 1985. Die begronding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se onderwysbeleid, 1902—1985: 'n Bydrae tot 'n opvoedingsteologie**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof TFJ Dreyer; Mede-Promotor: Prof CH Rautenbach

**Resensent: Prof HG van der Westhuizen**

## OORSIG

Die waarde van die eerste hoofstuk lê daarin dat die meeste van die betrokke historiese en huidige standpunte oor onderwys ter tafel gebring word. Die baie aanhalings maak egter die hoofstuk onaantreklik en vermoeiend om te lees.

Die grootste nut van die onderhawige proefskrif lê daarin dat 'n sistematiese historiese oorsig van ons Kerk se standpunt oor onderwys gegee word. Hoofstuk 2 wat handel oor die jare 1836 tot 1900, toon nie alleen vooraf die Hervormde wortels in die Dordtse Kerkorde van 1619 aan nie, maar lê ook duidelik die volkskerklike benadering in die onderwys bloot. Interessant is die belangrike aandeel wat ds Van der Hoff in die vroegste grondslae van die Transvaalse onderwys gehad het. Wat van ds Goddefroy?

Uit hoofstuk 3 lei ek 'n interessante historiese verband af tussen die Engelse kampskole en die Boere se CNO-skole. Alhoewel die Gereformeerde en soms ook die Ned Geref Kerk 'n teologiese onderbou vir CNO-skole aanbied, was die omstandighede onder die Engelse oorheersing van so 'n aard dat selfs die Hervormde Kerk tydelik as 'n noodmaatreël daarop gesteun het (bl 47). Soos die Engelse die kampskole imperialisties wou misbruik, moes die Afrikaner private skole gebruik om iets van Christelik-nasionale onderwys tot sy reg te laat probeer kom. Is ons nie vandag vinnig op pad na so 'n noodtoestand nie?

Die wortel-massa van ons Kerk se onderwysbeleid kom in hoofstuk 4 aan die beurt waar die situasie van 1907 tot 1983 bespreek word.

In 'n sekere sin word die reuse-bydrae van die Hervormde Kerk asook 'n tekortkomende bydrae in hoofstuk 5 beskryf. In hierdie hoofstuk lê die klem op onderwysontwikkeling sedert 1980. Die inisiatief van

die RGN kom nou in die oog, die radikale staatkundige ontwikkeling lewer sy inset. Die Hervormde Kerk het sy standpunt by wyse van kommentare, getuienisse, navrae en so meer, helder en klaar gestel. Maar ongelukkig is die resultate en antwoorde wat uit die staatkundige ontwikkeling na vore kom, nie altyd bevredigend nie. Soms is die tendense, gesien ons onderwysbeleid, verontrustend!

Dit is dan ook jammer dat die Hervormde Kerk se predikante en lidmate nog steeds baie afsydig teenoor hulle roeping op onderwysgebied staan. Die Afrikaner-Onderwyskongres van 1982 is soos volg bygewoon: Ned Geref Kerk 38,44 %, Gereformeerde Kerke 5,47 %, Pinksterkerke 4,76 %. Die Hervormde Kerk, wat graag as volkskerk wil figureer en sulke mooi dinge oor volksonderwys in sy Kerkwet het, was die skrale 3,46 % van die Kongres (bl 114)! Die skrywer wys die swak plekke uit, naamlik dat dit ook geleë is by 'die Kommissie van die AKV en die Raad vir Opvoeding en Onderwys (wat) waarskynlik in gebreke gebly (het) om predikante en kerkrade positief op te roep en aan te moedig om die Kongres by te woon ...' (bl 115). 'n Mens kan ook vra of die Raad wat tog die Kerk se wagter in hierdie verband is, die Kommissie betyds oor hierdie saak gewaarsku en geadviseer het?

Die Raad vir Opvoeding en Onderwys het in ons Kerk vandag 'n gewigtige taak. Daarby moet hy wakker en inisiatiefvol wees om die Kerk as geheel en die lidmate van die Kerk individueel op allerlei wyse voor te lig. Ons dank in hierdie verband gaan juis aan die skrywer van hierdie proefskrif dat hy as wakker lid van die Raad byvoorbeeld beswaar oor 'n geskiedenishandboek geopper het. Dit het volgens 'n berig in die *Die Hervormer* van Junie 1986, bl 7, tot 'n radikale regstelling gelei.

Die beredenering van onderwys in 'n Christelik-nasionale gees van hoofstuk 6 behoort miskien in aansluiting by die later genoemde hoofstuk 3.5 minder 'n aanhoudende weergawe van ander se standpunte te wees en meer 'n positiewe en produktiewe eie bydrae na aanleiding van ander se standpunte.

Veral waar die beginseluitgangspunte van die Regering van nader beskou word, moes 'n baie breed en gegronde kommentaar en kritiek gevolg het. Op bladsy 149 herinner die Regering se beginsel baie sterk aan Marxistiese taalgebruik. Die kommentaar by hierdie beginsel en by die ander is van pas. Die kritiek is ook gesond. Maar gesien die huidige situasie van aktualiteit wou 'n mens byvoorbeeld 'n stelling soos op bladsy 154 skerp en volledig uitgewerk hê: 'Daar kan dus nie sprake wees van een enkele onderwysstelsel in 'n plurale gemeenskap nie.'

Almal behoort deeglik kennis te neem van die stelling op bladsy 159: 'Die NHK is daarvan oortuig dat private onderwys in Suid-Afrika tot klassestryd kan lei en so sosialisme in die hand kan werk.'

Die standpuntname in hoofstuk 7 oor nuwe dimensies en uitdagings is aktueel. Wie hom nie verantwoord ten opsigte van nuwe situasies nie, is doof en blind. Tog kom die gevoel angswekkend by 'n mens op dat ons Kerk se beleid dalk deur omstandighede maar nuwe takke sal moet dra waarna ook die wortels vervang sal word! Te maklik aanvaar ons die spesifieke koers van verandering as 'n feit (bl 162). Is dit maar al wat ons Kerk kan en moet doen, naamlik om die samewerking van enersdenkende kerke te soek (bl 163)?

## BELANGRIKHEID VAN DIE ONDERWERP

Ek dink dit is pres MT Steyn wat gesê het dat daar drie dinge is waardeur 'n volk gebou word. Eerstens deur die opvoeding en onderwys van die kinders van die volk. Tweedens deur die opvoeding en onderwys van die kinders van die volk, en derdens deur die opvoeding en onderwys van die kinders van die volk.

Gesien die pluralistiese ontwikkeling ook op die gebied van onderwys vandag in ons land, word die saak van onderwys en opvoeding des te meer aktueel. Sonder om volksonderwys vanuit 'n volkskerklike oogpunt sommer oorboord te gooi, word dit al moeiliker om te sien hoe dit verder moet realiseer. Daar was 'n tyd toe 'die CNO-beweging onder die algemene beheer van 'n Hoofkomitee met verteenwoordigers van die drie susterkerke gestaan het' (bl 45). Gaan ons nie met die huidige politieke koers 'n dergelike noodtoestand tegemoet nie?

Die belangrikheid van die proefskrif lê daarin dat Hervormers en elkeen wat belangstel of vir wie dit mag aangaan, hom nou op gemaklike wyse op die hoogte kan stel van die Hervormde Kerk se beleid ten opsigte van onderwyssake.

## VOLKSKERKLIKE ONDERWYS

Die klemtoon dat Christenwees in die wêreld ook Christenwees in die onderwyswêreld beteken, is 'n baie gesonde Christelike standpunt van Rautenbach (bl 1) wat in sy eenvoud verreikende implikasies het. Een implikasie is die korrekte aanduiding van die Christen en die kerk se

verhouding tot die wêreld, die staat en die volk. Hierdie verhouding is nie 'n Roomse bo die wêreld verhouding nie; ook nie Anabaptisties teen die wêreld, Luthers langs die wêreld, ekumenisties latent-anoniem onder die wêreld, humanisties van die wêreld, of piëtisties uit die wêreld nie. Die Christen en die kerk is in die wêreld. Daarom moet hy in die verskillende geledinge van die wêreld ingaan om sout, suurdeeg en lig te wees. 'n Tweede implikasie is dus dat die kerk in die wêreldfenomeen van volkwees sal ingaan, om daar byvoorbeeld in die onderwys en opvoeding van die volk kerk te wees. Hierdie volkgerigtheid van die kerk, maak van die kerk volkskerk. Dit is presies hierdie aspek wat dikwels in die onderhawige proefskrif na vore kom en waarvoor ons groot waardering behoort te hê.

Hoewel 'n mens deurentyd die volkskerklike benadering in die proefskrif opmerk, is die nuwe gedagterigtinge besig om die volksbegrip ernstig te belemmer. Wanneer op bladsy 172 gesê word: 'Die AKV van Mei 1983 het besluit dat die NHK die beginsel dat die onderwys 'n breë Suid-Afrikaanse (nasionale) karakter moet hê ...', vra 'n mens jouself af hoe hierdie stelling uiteindelik, en miskien reeds nou, geïnterpreteer gaan word? Sluit hierdie 'karakter' in homself in Blank, Indiër, Kleurling en selfs Swartes? Wat is die grense van 'n nasie in hierdie 'nasionale'?

Miskien is dit hier gepas om op die twee teenoorgestelde benaderings van volksonderwys te wys. Die een benadering het 'n kerklike oorsprong en word in hierdie proefskrif vanuit die volkskerklike benadering belig. Die ander benadering wat veral vandag in die swart wêreld stuwend na vore kom, het sy oorsprong in die Marxisme.

Die Marxistiese benadering stel met die Freedom Charter van die ANC 'equal education' as ideaal. Met die slagspreuk van 'equal education' word 'n drie-fase revolusionêre vernietiging van alle bestaande onderwys- en samelewingstrukture beoog.

Die eerste Marxistiese revolusionêre fase beoog die stigting van Education Charter Committees sodat studente en skoliere inspraak en seggenskap kan verkry op alle vlakke van onderwys. Dit word die demokratisering van die onderwys genoem!

Tweedens moet die onderwysproses tot 'n 'alternative education' omgebuig word. Dit sluit in die verdagmaking van huidige onderwysstrukture as verouderd. In die nuwe leerplanne van die alternatiewe onderwys moet ook 'n nuwe ekonomiese benaderings toegepas word, naamlik die gelyke verdeling van rykdom en die gelyke toegang van almal tot die hulpbronne van Suid-Afrika. Geskiedenisleerplanne moet

die nuwe geskiedenis leer om diskriminasie teenoor onderdruktes aan die lig te bring. Die South African Council for Higher Education (SACHED) bied inderdaad 'n handleiding om hierdie strategie te realiseer. Skoliere en studente word opgeroep tot 'n 'counter education' om in die klas alternatiewe onderwerpe wat revolusionêr is, te bespreek. Engels word ook spesifiek as die medium vir die 'alternative education' bepleit.

Derdens moet die eerste twee revolusionêre fases uitmond in 'n volwaardige 'volksonderwys'. Die inhoud van hierdie volksonderwys het minder met onderwys te doene as met politiek! Soos die bevrydingsteologie revolusie in die oog het, het volksonderwys in hierdie sin van die woord bevrydingsonderwys vir die volk, revolusie in die oog. Die volksoorlog (*People's War*) is die doel van die volksonderwys (*People's Education*). Die Soweto Parents' Crisis Committee (SPCC) is hier 'n voorbeeld van hoe die hele besluitnemingsfunksies in die onderwys van die sogenaamde koloniale strooipoppe oorgedra word na die 'volk' self.

Die duidelike verskil tussen 'volk' by die volkskerkgedagte en -onderwys aan die een kant en 'volk' by die Marxistiese Bevrydingsonderwys is duidelik ook vir elke blinde!

## OPVOEDINGSTEOLOGIE

Deurdat die proefskrif groot klem op die onderwysbeleid bly lê, veral rondom die weldeurdagte beskouings van Rautenbach, kom die begronding daarvan as 'n opvoedingsteologie nie altyd tot sy reg nie. Dit terwyl die proefskrif juis ''n bydrae tot 'n opvoedingsteologie' wil wees.

Op verskeie maniere kon hierdie gebrek verhelp gewees het. Om een manier as 'n voorbeeld te noem, kon hoofstuk 3.5 uit sy huidige posisie verwyder word. Dit handel oor: Die belang en betrokkenheid van die ouer by die onderwys. Die ouers se verantwoordelikheid. Die kerk se betrokkenheid by onderwys en opvoeding. Huidig staan hierdie paragrawe onder die algemene opskrif: Die ontstaan en ontwikkeling van die CNO-beweging: 1902–1906. Die rol van ouers en die kerk moet inderdaad by die oorweging van die CNO-beweging aandag kry. Maar hierdie onderwerp behoort diep en breed en selfstandig nagevors te wees sodat daar werklik en helder 'n opvoedingsteologie as begronding van ons onderwysbeleid aan die lig kon kom.

Hierdie gebrek en die sterk Rautenbach-gerigtheid hou sekerlik ver-

band met die feit dat baie tersaaklike stof nie verwerk of aandag ontvang het nie, soos byvoorbeeld: Onderwys en Onderwysbeleid in die ZAR onder ds SJ du Toit en N Mansvelt 1881–1900 (J Ploeger); Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonieperiode 1900 tot 1907 (FV Symington); Opvoedingsverwatering, opvoedingsherstel, opvoedingsaanvang, kindskap (in HG van der Westhuizen se *Vertrou op God*); Liberalisme as opvoedkundige krisis, in Januarie en Maart 1966-uitgawes van *Die Hervormer* (HG van der Westhuizen); Werklikheidsbesef, in *Onderwysblad*, Orgaan van die Transvaalse Onderwysvereniging en die Natalse Onderwysunie, Augustus 1966 (HG van der Westhuizen); 'n Temporaliteitspedagogiese verantwoording van opvoeding in 'n veelvolkige samelewing met besondere verwysing na multi-cultural education (GJJ Louw, Proefskrif Universiteit Port Elizabeth). (Vergelyk hier ook sy boek wat in 1983 verskyn het: *Opvoeding in 'n veelvolkige samelewing*.) Daar is inderdaad nog baie ander artikels en bydraes, ook spesifiek uit die kring van die Hervormde Kerk, wat miskien nie altyd in lengte en kwantiteit onder die aandag kom nie. As dit te min is om getel te word, kan dit nog altyd oorweeg word om geweeg te word.

'n Ligte vraagtekentjie moet agter die teologie van bladsy 162 gevoeg word: 'Hy sal as Kerk die voortdurende verandering, die telkens verskynende "nuwe" in die wêreld moet sien in die groot verband van die koms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde....' Die moontlike simptome van 'n prosesteologie in bogenoemde aanhaling kan só ongekwalifiseerd net sowel op 'n inkarnasieteologie dui as op 'n reformatoriese kruisteologie.

## OPVOEDING EN KATEGESE

Dit is baie goed dat die verband tussen kategese en Christelike opvoeding duidelik gelê word. Op bladsy twee word gestel dat beide in die sfeer van die geloof staan.

Ongelukkig word die onderskeiding tussen kategese en Christelike opvoeding nie altyd baie helder geformuleer nie. Indien die onderskeiding nie duidelik en korrek gedoen word nie, is dit ironies genoeg juis die organiese verband van die twee wat in die slag bly. In *Theologia Viatorum*, November 1984, is die belangrikheid van hierdie onderskeiding onder die titel: Die 'plek van kategese in die Kerklike verkondiging', onder andere soos volg gestel:

> Kerklike kategese moet afgegrens word, nie om geïsoleer te word nie maar juis om organies gelokaliseer te word. Na die een kant moet dit onderskei word van die totale Christelike opvoeding en na die ander kant van die ouerlike pastoraat wat op grond van die doopbelofte uitgevoer moet word, en op grond van die priesterskap van die gelowiges, as 'n kerklike verantwoordelikheid. In die totale Christelike opvoeding is daar veral drie differensiasies: die ouerhuis, die Godshuis en die volkshuis ... (bl 44).

Veral bladsye drie tot vyf lê verwagte klem op die verband tussen kategese en onderwys en opvoeding. Nogtans stel die identifisering, omskrywing en begronding van die verband effens teleur. Op bladsy drie word Artikel IV(j) van die Kerkwet aangehaal om die gesamentlike sprake van kategese, onderwys en opvoeding aan te dui. Dan volg die artikel: 'Die opdrag van Christus aan sy kerk is om: ... medeverantwoordelik te wees vir die Christelike opvoeding van die kinders van die Kerk en volk.' Genuanseerde formulering van die nodige onderskeidings en verbande tussen Christelike opvoeding van die kinders van die volk, van die kinders van die Kerk, en wat kategese is, bly hier volkome agterweë, en selfs later in die proefskrif bly dit grootliks dieselfde. Hierin lê miskien een van die eerste simptome van 'n minder geslaagde poging om werklik deur te dring tot 'n opvoedingsteologie en 'n teologiese begronding van die onderwysbeleid.

## RAUTENBACH-SENTRIES

Reg van bladsy een af figureer CH Rautenbach sentraal in die proefskrif. Dit is seker ook te verstane indien 'n mens onthou watter reusebydrae Rautenbach vanuit die Hervormde Kerk op die gebied van die onderwys en opvoeding van ons land gemaak het. Soms kry 'n mens net die gevoel dat die proefskrif se Rautenbach-sentrisme neig na 'n Rautenbach-eensydigheid.

Sonder die opskrifstelling deur Rautenbach van 'n massa gegewens oor onderwyssake, sou hierdie proefskrif amper nie kon verskyn nie – behalwe met veel meer arbeid. Daarom moet Rautenbach nie alleen bedank word vir die feit dat hy as mede-promotor vir die proefskrif baie duidelik 'n leeue-aandeel, selfs aan die formulering van baie dele van die proefskrif (al is dit soms net indirek by wyse van invloed), gehad het nie, maar ook het hy grootliks die grondformasie en grondstof bepaal en aangebied.

## TAALKUNDIG

Reeds in die Voorwoord is die opeenhoping van foutiewe hoofletters uiters steurend. Op bladsy 1 word Kategetiek, Homiletiek, Poimeniek en Liturgiek geskryf. Op bladsy 2 word kategetiek, didaktiek, pedagogiek met kleinletters geskryf! Die skrywer is ongelooflik inkonsekwent met hoofletters en kleinletters – dwarsdeur die proefskrif. Sy voorliefde veral vir hoofletters dra ook dwarsdeur die proefskrif by tot 'n slordige indruk. Soms is 'Prof' hoofletter maar 'ds' kleinletter (bv bl 13)!

Die gebruik om 'n punt aan die einde van 'n sin te plaas, dan die verwysing te laat volg en dan weer 'n punt te plaas, is steurend. Ook hiermee is hy nie konsekwent nie. Woorde wat verkeerdelik aanmekaar geskryf word, is: ter sake (bl 4, 13, 85, 102, ens); Weer eens (bl 11, 92, 147, ens); ter wille van (bl 31); by wyse van (bl 114 ens); nie-formele vlak (bl 121); Al drie (bl 165); een kant/ander kant (bl 171); nasionale vlak (bl 174); ten einde (bl 174); ensovoorts.

Die dubbelpunt kort op bladsy 111 by 1982:8.

Op bladsy 9 word van wetensvakke gepraat.

Diskresie is op bladsy 135 met drie esse gespel.

Afkortings is vryelik gebruik sonder dat by die eerste gebruik dit volledig uitgeskryf is. Ook foutiewe afkortings word gebruik, byvoorbeeld snr in plaas sr (bl 13).

Op bladsy 29 kry ons 'n swak vertaling: 'Die Kerkrade sal, soveel moontlik, ook sorg vir goeie skoolmeesters en oor *dieselfde* opsig uitoefen'! 'Drie lande' op bladsy 29 moet ook seker 'die lande' wees.

Die sin: 'Die TO handhaaf vandag nog die onveranderlike grondbeginsel van die Christelike en die nasionale', bladsy 38, moet sekerlik elders uit 'n beter konteks uitgeval het!

Op bladsy 57 lees die volgende sin ook nie lekker nie: 'Zonder een organisch verband met die gemeenschapen kerk kan generlei vorm van onderrig bestaan.'

Die woord ëen op bladsy 62 is vreemd. Definiëer op bladsy 99 is foutief.

Gnoseologie bly vreemd ten spyte daarvan dat dit op bladsy 145 as kennisleer aangedui word. Moet 'paslike beherende liggame' op bladsy 166 nie dalk 'plaaslike ...' wees nie?

Finansieel word nie met 'n deelteken soos op bladsy 169 gespel nie. Die woord 'interverbandelike' klink darem gespanne (bl 169).

## ALGEMEEN

Die mooi en stewiggebonde eksemplaar, lekker klein in verhouding tot die outydse proefskrifte, met 'n aangename groterige druk, nooi die leser uit om die een honderd en neëntig bladsye dadelik te begin lees.

Jammer van onnoukeurighede soos Mulder 1952 op bladsy 83, maar Mulder 1951 op bladsy 186; Van Zyl (1969: 16) op bladsy 170, maar 1975 op bladsy 190; op bladsy 29 is dit Jooste 1959, maar op bladsy 185 is dit 1958!

Op bladsy 183 is dit by Dreyer, JGM 1975 nie duidelik waarin die bydrae verskyn het nie. Op bladsy 162 is 'n mens nie seker of met Engelbrecht 1982: 16, BJE of BE bedoel word nie, aangesien op bladsy 183 beide in 1982 gepubliseer het!

Hierbenewens ontbreek bladsy 2 se Dreyer 1979: 2; bladsy 91 Van Rensburg et al 1979: 84; en bladsy 137 De Vries 1972: 49, volledig in die literatuurverwysing!

Soms kry 'n mens die gevoel dat sekere dele van die proefskrif darem op 'n te eenvoudige redenasie berus. So byvoorbeeld op bladsy 28 oor die stigting van die Gereformeerde Kerk.

Die skrywer is ook lief om na sekondêre bronne te verwys, terwyl primêre bronne met 'n bietjie meer moeite benut kon word. Hiermee hang saam dat die skrywer dikwels soos toe ons kinders was, op rollende dromme (van ander se argumente waarmee hy saamstem), hardloop. Voorbeelde hiervan is op bladsy 28 (Pont); 137 (Gilhuis); 138 (De Vries, Gunther); 139 (Landman en Roos); 140 (Rautenbach); ensovoorts.

Interessante gegewens kom na vore soos die oorsprong van skoolkomitees by ds Van der Hoff (bl 27), die eerste onderwysersvereniging in 1894 (bl 38), Smuts se suksesvolle formule van 'n staatsonderwysstelsel met medeseggenskap van die ouers en publiek wat van 1907 tot 1967 gegeld het (bl 62), en so meer.

## SLOTOPMERKINGS

Die skrywer gee ten slotte tereg 'n opsomming van sake waaraan die Hervormde Kerk voortdurend aandag moet gee. Hier is vier kategorieë, naamlik Godsdiens- of Bybelonderrig, Bybelkunde, Christelike opvoeding, en studie en publikasies. Elkeen van hierdie vier kategorieë is in 'n paar punte (sewe, vier, ses en sewe) ingedeel. By die volgende punte wat ook behartenswaardig is, sou 'n mens egter meer leiding wil hê hoe dit spesifiek kerklik-georganiseerd aangepak moet word: Werwing van geskikte studente vir Bybelonderrig en die werwing van geskikte, gelowige studente vir die onderwysberoep (bl 178). 'n Ander punt wat

sekerlik aandag verdien, is: ''n Voortdurende op-hoogte-wees van wetgewing en beleidsrigting ten einde die Kerk betyds in te lig oor die koers waarheen, die stappe wat geneem moet word, voorleggings en insette wat gemaak moet word' (bl 179). Hierby sou 'n mens kon wens dat die betrokkenes die besondere gawe van wyle dr AJG Oosthuizen moes hê – om intuïtief lank vooruit te kon weet watter kant toe die bal gaan spring.

Die proefskrif is 'n nuwe baken binne ons Kerk op die terrein van akademiese navorsing. Dit is ook 'n monument vir prof CH Rautenbach. Dr van Deventer moet daarmee gelukgewens word. Ook die promotor, prof TFJ Dreyer, wat 'n moeilike taak moes hê as erfgenaam van wyle sy voorganger se aanvoorwerk en met 'n medeganger se holvoorwerk, moet gelukgewens word.

Mag die inhoud volledig en wyd onder ons Hervormers se aandag kom.

# Boekbespreking

**Schmithals, W 1985 – Einleitung in die drei ersten Evangelien**

Berlin: De Gruyter. 494 bladsye

**Resensent: Prof GMM Pelser**

Hoewel hierdie boek die soveelste van sy soort is wat in die laaste paar dekades verskyn het, kan dit nogtans nie bestempel word as net nog 'n inleiding op die problematiek rondom die ontstaan van en die verhouding tussen die Sinoptiese Evangelies nie. Die werk maak beslis sy eie bydrae en dra deurgaans die besondere stempel van die outeur wat teen hierdie tyd al bekend is vir sy selfstandige, vernuwende en soms provokatiewe denke.

Een van die opsigte waarin hierdie boek van die meeste ander van sy soort verskil, is die oorheersende ruimte wat afgestaan word aan die behandeling van die sinoptiese probleem as sodanig. Meer as 'n driekwart van die volume van die boek is naamlik hieraan gewy, terwyl daar in die res aandag gegee is aan die Sinoptiese Evangelies en die Q-bron afsonderlik.

Na 'n historiese oorsig oor die pogings tot harmoniserings wat van die vroegste tye af onderneem is en 'n aanbieding en evaluering van die vroeg-kerklike oorlewerings oor die ontstaan van die evangelies, word onderskeidelik die vier hoofhipoteses, naamlik die oerevangelie-, fragmente-, tradisie-, en benuttingshipotese, met hulle onderskeie variasies, aan die orde gestel. Van besondere waarde hier is nie alleen dat die relevante historiese pad tot in die jongste verlede noukeurig gevolg word nie, maar dat elkeen van hierdie hipoteses krities geëvalueer word, nie alleen met reeds bekende argumente nie, maar ook met nuwes. Na volledige afwysing van die drie eersgenoemde hipoteses, kies Schmithals self vir die benuttingshipotese. Ten opsigte van laasgenoemde merk hy dan op dat daar nie nog 'n teorie is wat die sinoptiese probleem so eenvoudig, so omvattend en so byna sonder probleme oplos nie (bl 197). Sy belangrikste beswaar teen die fragmente-hipotese is dat dit nie die eenheid in vorm van die Sinoptiese Evangelies kan verklaar nie, en teen die oerevangelie- en tradisiehipotese dat dit 'n paar gewigtige vrae soos die volgende nie kan verklaar nie: Waarom verneem ons, indien daar wel 'n vasgevormde oerevangelie (skriftelik

of mondeling) bestaan het, niks daarvan in die geskiedenis van die vroeë kerk nie; waarom sou die outeurs van die aan-ons-bekende evangelies so vryelik daarmee omgegaan het, as dit veronderstel was om as outoritatiewe grond-evangelie te dien; waarom sou so 'n outoritatiewe evangelie so volledig deur die Sinoptiese Evangelies verdring gewees het, sodat dit nie alleen in die kanon opgeneem is nie, maar ook totaal verdwyn het?

Een van die belangrikste bydraes van hierdie boek is die evaluering van en kritiek op die vormkritiek (bl 294vv). Teen die vormkritiek word deur middel van gewigtige argumente betoog dat beide wat die vertelmateriaal en die logiastof betref, daar nie op formele, sosiologiese of tradisiehistoriese gronde bewys kan word dat wat ons in die evangelies vind, aanvanklik en vir 'n geruime tyd mondeling oorgelewer is en uiteindelik in skriftelike vorm versamel is nie. Die indruk is eerder dat, behalwe vir die nagmaal, die materiaal wat ons in die evangelies aantref, hulle vorm vir die eerste keer skriftelik in die evangelies aangeneem het. Vóór die ontstaan van die evangelies merk ons in ander Nuwe-Testamentiese literatuur, byvoorbeeld by Paulus, niks van so 'n mondelinge tradisie van vertelstof nie, en van logiastof slegs maar enkele voorbeelde. Schmithals is derhalwe van oortuiging dat daar voor die opskrifstelling van die evangeliemateriaal slegs 'n *regula fidei* bestaan het, bestaande uit kort belydenisformules, en dat die evangelie van Markus en Q die eerste ontstaan van vertel- en logiastof was, en daarom op geen literêre gronde as sekondêre raamwerk beskou mag word nie. Hy waardeer die vormkritiek egter nie slegs negatief nie. As belangrike bydraes van die vormkritiek word die volgende aangemerk: die totale verandering van die Jesusbeeld van die liberale teologie na 'n woord-teologie, 'n kerugma-teologie; die historiese skepsis daarvan, waardeur dit getoon het dat die enkel-oorlewerings ouer is as die kronologiese en topografiese raamwerk en dat die moontlikheid om 'n lewe van Jesus te skryf of die ontwikkeling van sy persoonlikheid te konstrueer, daarmee wegval. As een van die grondinsigte van die teologie van die woord word dan gewaardeer die insig dat die geloof van die *viva vox evangelii* leef en dat die evangelie buite die geloof om, byvoorbeeld deur historiese navorsing, nòg geverifieer nòg gevalsifiseer nòg gelegitimeer kan word (bl 284vv).


Daar moet toegegee word dat Schmithals grondige kritiek teen die vormkritiese premisses ingebring het. 'n Mens kom egter nie weg van die vraag of dit inderdaad moontlik was dat 'n eerste evangelis of logiaversamelaar die materiaal wat in sy evangelie vervat is, as 't ware

selfstandig en vir die eerste keer kon skep nie. Is dit nie voor-die-hand-liggend dat indien die fragmente-hipotese as onaanvaarbaar beskou moet word, daar wel onvermydelik 'n mondelinge stadium van vorming en oorlewering van tradisie-eenhede moes wees nie? Al sou dit nie meer moontlik wees om met sekerheid tradisie en redaksie te skei en oorspronklike of latere *Sitze im Leben* te bepaal nie, hoef dit seker nie mondelinge vorming en oorlewering van tradisie-eenhede per se as moontlikheid uit te skakel nie.

Teenoor die vormkritiese metode kies Schmithals vir die redaksiekritiese analise van die evangelies op grond van die twee-bronne-hipotese. As waarde van hierdie metode beskou hy die feit dat dit 'n positiewe waardering openbaar vir die evangeliste as selfstandige outeurs met 'n eie teologie en dat dit vanaf die bekende (die voorhande literêre evangelie) na die onbekende (die tradisies) werk en nie andersom soos die vormkritiek nie. Hy meen verder dat daar deur middel van die redaksiekritiek konsensus bereik is oor die wyse waarop Matteus en Lukas hulle bronne, Markus en Q, gebruik het en dat die werk wat veral in die afgelope klompie jare aan Q gedoen is, baie belofte inhou. Hierteenoor beskou hy die resultate van die werk wat aan Markus gedoen is as 'durchaus unbefriedigend', aangesien daar nog nie daarin geslaag is om presies tussen tradisie en redaksie by Markus te onderskei nie (bl 346). 'n Besliste nadeel van hierdie metode is volgens hom die feit dat dit die analise '... oft vorschnell mit einer **Wertung** der theologischen Leistung des jeweiligen Evangelisten verbindet' (bl 347). Hierdeur word die outeurs vanuit 'n moderne teologiese denkstruktuur gemaak tot lessenaarteoloë met 'n sistematies-teologiese interesse en nie gewaardeer as kerkmanne wat die gemeente wou opbou nie. 'n Legitieme teologiese evaluering kan volgens Schmithals alleen gemaak word indien die presiese historiese situasie van elke evangelie bepaalbaar is, en dit is in die reël nie maklik vasstelbaar nie. As 'n verdere leemte van die redaksiekritiek word beskou die feit dat dit tot dusver net so min soos die vormkritiek gereflekteer het oor die verhouding tussen die verskillende *Sitze* van die afsonderlike tradisiestukke en die een *Sitz* van die evangelie in die lewe van die gemeente. Hierby werk die redaksiekritiek ook nog te veel soos die vormkritiek met die veronderstelling dat die evangelie-inhoude reeds aan die gemeente bekend was, en word nie genoeg daarvan uitgegaan dat die evangelis hoogs waarskynlik, indien nie seker nie, sy lesers of gemeente vir die eerste keer met die evangelie bekend gemaak het nie.

Die sinoptiese probleem en die verhouding tussen die verskillende

skriftelike bronne word uiteindelik deur Schmithals in hoofsaak soos volg verklaar: Die oudste **evangelie** is die Markus-'Grundschrift' geskryf deur 'n onbekende outeur wat 'n teoloog moes wees van die kaliber van Paulus en Lukas, hoewel sy Christologie adopsiaans was en nie pre-eksistent soos dié van Paulus nie. Dit is 'n Christologie van 'n eksponent van die *theologia crusis*, verteenwoordigend van die Hellenistiese Christendom. Dit het kort na 70 ontstaan en moes bedoel gewees het om in die vorm van sinagogale oorlewering 'n handboek te wees vir die sending, veral onder die godvresendes vir wie die lotgevalle wat die Joodse godsdiens getref het, 'n groot skok moes gewees het. Waarskynlik reeds twee dekades vroeër het die voorganger van Q, naamlik Q1 ontstaan, 'n nie-Christologiese, profeties-apokaliptiese geskrif vir wie Jesus profeet van die eindtyd was en wat beperk was tot Palestina, insonderheid Galilea, sonder dat die heidensending in die gesigsveld kom. Die evangelis Markus, bewus van die diskrepansie tussen die messiaanse (kerugmatiese) inslag van die Markus-'Grundschrift' en die onmessiaanse (profetiese) van Q1 as gevolg van sy bekendheid met albei, probeer dan rondom 75 die saak oplos deur 'n redaksie van eersgenoemde te onderneem. Hy doen dit deur die motief van die messiasgeheim in die 'Grundschrift' in te werk. Hierna vind daar ook 'n redaksie van Q1 onder invloed van die Markusevangelie plaas, waardeur die nie-Christologiese karakter van Q1 verander word na 'n Christologiese, en wat Q tot gevolg het. Waarskynlik was die evangelis Markus ook vir hierdie redaksie verantwoordelik. Benewens die Matteus- en Lukas-eiestof, sal die verhouding tussen die onderskeie bronne in terme van die benuttingshipotese dus soos volg daar uitsien:



Oor die teologie van die onderskeie Sinoptiese Evangelies laat Schmithals hom nie in die besonder en indringend uit nie, maar dit was klaarblyklik ook nie die oogmerk van die studie nie. Hy dui wel aan wat na sy mening die aanleiding was tot die redaksie wat deur elke evangelis onderneem is en watter redaksionele tendense daar by elkeen te bespeur is. In hoofsaak tipeer hy die onderskeie evangelies en hulle situasies soos volg:

Die Lukasevangelie is in die noordelike of westelike Klein-Asië geskryf te midde van Christenvervolgings en teen die einde van die regeringstyd van Domitianus (81–96). Die skeuring tussen kerk en sinagoge is ook reeds voltooi. Die evangelie kan getipeer word as die evangelie van die armes (omdat dit die gemeente wou oproep tot hulp aan dié wie se besittings gekonfiskeer is), van die vroue (omdat die diens van die vroue in sulke omstandighede so nodig was) en van die gebed (omdat die gebed die sterkste wapen van die bedreigde Christen was). Dit was verder bedoel as handboek vir die kategese eerder as vir die gemeentelede.

Die Matteusevangelie is in Sirië geskryf tussen 80 en 90 en weerspieël die situasie na 70 toe dit vir die Christene onmoontlik geword het om aan die sinagoge verbonde te bly vanweë die eensydige en oorheersende Farisese interpretasie van die Tora in die sinagoge. Die breuk met die sinagoge was nog nie finaal nie, maar reeds aan die gang. Die evangelie is 'n verweer teen die Farisese beskuldiging dat die Christene die Tora minag en nie vervul nie. Dit is geskryf om deur leraars en kategete gebruik te word as 'n post-baptismale leerboek.

Die Markusevangelie het tussen 75 en 80 ontstaan en waarskynlik in die oostelike deel van die Romeinse ryk. Benewens die messiasgeheim as sentrale motief, bereik die evangelis sy doel met die veroordeling van Jesus vanweë sy messiasaanspraak. Omdat Markus egter die kerklike belydenis as sodanig nie ontvou nie, bly sy redaksie teologies relatief onvrugbaar. 'Nicht der Evangelist Markus schreibt ein Evangelium, sondern der Erzähler der Grundschrift' (bl 430).

Vanuit die perspektief van die historiese metodologie gesien en rakende die moeilike kwessie van die sinoptiese vraag, kan hierdie werk sonder twyfel as 'n belangrike bydrae beskou word en as 'n verdere stap in die krities-wetenskaplike besinning oor die saak. Dit moet egter as 'n leemte aangemerk word dat daar geen aandag gegee is aan die nuwere insigte en ontwikkelinge wat daar vanuit die literatuur- en vertelteorieë op die gebied van evangelienavorsing na vore gekom het nie. Dit kon die bydrae van Schmithals baie verryk het. So sou hy

byvoorbeeld die sogenaamde mesiasgeheim-motief by Markus anders gehanteer het, al moet 'n mens toegee dat hy daarvan iets anders gemaak het as Wrede.

Hierby moet opgemerk word dat hoewel Schmithals die redaksionele tendense en die bepaling van die historiese situasie en intensie van elke evangelie uit die teks self probeer aflees, sommige van sy bevindinge ook maar hipoteties van aard is en waarskynlik anders daar sou uitgesien het as daar met 'n vertelanalise gewerk is.

Hierdie werk kan nietemin om verskeie redes as baie bruikbaar aanbeveel word. Dit is sonder twyfel 'n deeglike stuk werk wat verrassende nuwe insigte na vore bring. Schmithals het hiermee andermaal daarin geslaag om nie alleen tradisionele opvattings op goeie gronde te bevraagteken nie, maar ook om met skerpte van insig nuwe vergesigte te open vir toekomstige diskussie. Hy het sekerlik nie die laaste woord oor die sinoptiese probleem gesê nie, maar beslis 'n bydrae gemaak tot 'n belofteryker hantering van die probleem in die jare wat kom.

---

**Klijn, AFJ 1984 – Apokriefen van het Nieuwe Testament, I**

Kampen: Kok. 201 bladsye

**Resensent: Dr HF Stander**

In volume 1 van hierdie reeks (en hierdie resensie word tot slegs hierdie volume beperk) is die belangrikste Apokriewe Evangelies en Handelinge opgeneem. Elk van hierdie geskrifte is vertaal en van 'n goeie inleiding voorsien. Dit is 'n formele vertaling en dr Klijn self skryf soos volg: 'Vervolgens dient gezegd te worden dat de vertalers getracht hebben zo goed mogelijk Nederlands te schrijven. Hun stond echter ook een getrouwe vertaling van het origineel voor ogen. Dit laatste heeft soms voorrang gekregen, zodat in die gevallen tekort wordt gedaan aan het Nederlands' (bl 10). Aan die een kant kan hierdie metode van vertaling skerp gekritiseer word, maar aan die ander kant moet mens ook sê dat die vertaling maklik lees en dat onnederlandse voorbeelde nie te volop is nie.

Wat die Apokriewe Evangelies betref: In Johannes 21: 25 staan geskryf dat indien 'al die ander dinge' wat Jesus gedoen het, een vir een opgeteken sou word, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir al die

boeke hê nie. Dit is dus duidelik dat daar veel meer oorleweringe oor Jesus die rondte gedoen het as dit wat in die kanon opgeneem is. So was daar heelwat uitsprake van Jesus wat nie in die evangelies gevind kan word nie, maar wat wel deur oud-Christelike skrywers opgeteken is. Klijn gee gevolglik in hierdie volume 'n seleksie van hierdie sogenaamde 'agrapha' (letterlik: 'wat nie in die evangelies opgeteken is nie'). Daarby het hy ook in hierdie volume al die evangelies opgeneem wat oorleweringe oor Jesus bevat, maar wat nie die kanon gehaal het nie. Klijn het sy seleksie van evangelies baie kundig gedoen deurdat hy net evangelies gekies het wat baie vroeg in die Christelike era geskryf is en wat in 'n groot mate ooreenstem met die opvatting oor Jesus soos dit in die kanon teëgekom word. Ons vind dus die volgende evangelies in hierdie volume: **Die Apokriewe Evangelies van die Nasareners, van die Ebioniete, van die Hebreërs, van die Egiptenare,** en **van Petrus.**

Sekere fasette van Jesus se lewe, soos sy geboorte en sterwe, het natuurlik nog altyd mense se nuuskierigheid geprikkel, en daarom het Klijn ook **Die Geboorte van Maria** (ook genoem **Die Oer-Evangelie van Jakobus**) en **Die Evangelie van Nikodemus** opgeneem. Verder het Klijn ook **Die Briefwisseling tussen Abgar en Jesus** opgeneem wat 'n belangrike geskrif was binne die Siriese Kerk. **Die Refreinlied oor die Lewe van Christus**, wat ook hierin opgeneem word, is wel geen Evangelie nie, maar Klijn verdedig die insluiting daarvan deur daarop te wys dat die inhoud van hierdie lied in ieder geval oor die lewe van Jesus gaan. Dit is derhalwe 'n geskrif wat ook nuttig aangewend kan word.

Wat die Apokriewe Handelinge betref wat in die tweede deel van die boek voorkom, skryf Klijn soos volg: 'In deze vertaling vindt men de Handelingen van Petrus, Paulus, Johannes, Tomas en Andreas. Deze zijn de oudste' (bl 107). Hierdie is egter 'n foutiewe opmerking, aangesien slegs eersgenoemde twee Handelinge in hierdie boek gevind kan word. Dalk is die bedoeling dat die res in dieselfde reeks, maar nie in hierdie volume nie, voorkom.

Dit is jammer dat die apokriewe geskrifte vandag so min aandag geniet in Gereformeerde kringe aangesien dit beslis van groot kultuurhistoriese waarde is. Dit vertel ons baie van die opregte hoop en die diepdeurleefde geloof van die eerste Christene. Voorts gee dit vir ons waardevolle inligting oor ou-kerklike oorlewerings en gewoontes. Ook dra die teologie van vandag – nie net Rooms-Katolieke teologie nie – onmiskenbare spore van die invloed van die Nuwe-Testamentiese Apokriewe. Om hierdie rede moet die publikasie van *Apokriefen van*

*het Nieuwe Testament I*, met dr AFJ Klijn as eindredakteur, verwelkom word. Dit is 'n baie nuttige boek wat met groot vrug deur elke teoloog gebruik kan word.

---

**Du Toit, AB (red) 1984 – Die Pauliniese briewe: Inleiding en teologie. (Handleiding by die Nuwe Testament. Band V.)**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 364 bladsye. Prys R18,50

**Resensent: Prof Eddie Engelbrecht**

Hierdie boek is die resultaat van sewe teoloë se bydrae: FJ Botha, JC Coetzee, IJ du Plessis, AB du Toit, BC Lategan, GMM Pelser en JH Roberts. Na kort oriënterende opmerkings oor die Pauliniese briefliteratuur en 'n kronologie van Paulus volg 'n inleiding op die Paulusbriewe en 'n afdeling oor die teologie van die Paulusbriewe. Die relatief min bladsye wat aan 'n kronologie van Paulus afgestaan word, is 'n pluspunt van die boek.

AB du Toit het die werk ingelei met oriënterende opmerkings oor die Pauliniese briefliteratuur. 'n Waardevolle gesigspunt hier is dat Paulus se briewe nie met die doel geskryf is om uitsluitsel oor alle moontlike teologiese vrae te gee nie. Hulle bied geen volledig-uitgewerkte teologiese sisteem aan nie. 'n Opvatting wat met die vorige saamhang en waarmee meer eksegete sal verskil, is Du Toit se beklemtoning van die aard van die spesifieke situasie. Hierdie situasie sou dan van die 'allergrootste belang' wees vir die eksegese. Daar is deesdae by eksegete 'n duidelike tendens om aan die situasie 'n relatiewe belang toe te ken. Du Toit wil natuurlik wal gooi teen die gebruik om Paulusuitsprake sonder meer na vandag oor te dra. Die eintlike oorsaak van hierdie hermeneutiese wangebruik is egter nie soseer die verontagsaming van die gemeentelike situasie waarop Paulus reageer nie, maar die waninterpretasie van die Paulusteks omdat die brief nie as 'n eenheid geïnterpreteer word nie. Die dieptestruktuur van die brief self speel dus in die interpretasie van die enkele teks nie sy volle rol nie. Die verwaarlosing van die dieptestruktuur lei dan tot dié hermeneutiese wanpraktyk wat Du Toit tereg uitwys. Dit is dus nie soseer omstandighede wat volledig verdiskonteer moet word, soos wat Du Toit beweer nie, maar eerder die dieptestruktuur van die brief.

'n Waardevolle beklemtoning van GMM Pelser se bydrae is dat Paulus veral in die Romeinebrief en Galasiërsbrief van parallelle argumentasie gebruik maak omdat sekere teologiese probleme wydverspreid voorgekom het. Hierteenoor kan gewaarsku word dat parallelle versigtig hanteer moet word omdat 'n argumentasie in 'n besondere brief in sy eie konteks ingebed is. Daar word dikwels beweer dat Paulus se opvatting oor die besnydenis in die Romeinebrief nie so negatief is soos dié in die Galasiërsbrief nie. Dit kan slegs beweer word wanneer die konteks van Paulus se besnydenisargumentasie in elke afsonderlike brief verwaarloos word.

JH Roberts het die so genoemde gevangenskapbriewe ingelei. In die afdeling word al die argumente vir en teen die Pauliniese outeurskap van dié briewe bespreek. Hierdie bespreking weerspieël die huidige debat rondom die outeurskapkwessie. Die vraag ontstaan nou of hierdie kwessies relevant is vir die interpretasie van dié briewe. Verder val navorsers, en ook Roberts, in die slaggat om uitsprake in die gevangeskapbriewe bloot oppervlakkig met uitsprake in ander Paulusbriewe te vergelyk. Twee belangrike fasette van die meer onlangse navorsing, is hiermee buite rekening gelaat: in die eerste plek die navorsing van EP Sanders oor godsdienspatroon en verder die struktureel-semiotiese navorsing van navorsers soos H Boers en D Patte. Waar Roberts wel van die redevoeringsanalise gebruik maak, toon hy veral die oppervlaktestruktuur aan en trek hy nie vir die student die volle implikasie hiervan vir die dieptestruktuur nie.

Bogenoemde fasette ontvang trouens minder aandag in die hele werk. Dié weglating hou hoogs waarskynlik verband met die teikengebied van die boek. Die boek is natuurlik hoogs bruikbaar. Dit kan voorgeskryf word vanaf eerstejaarsvlak tot op doktorale vlak. Die eintlike bruikbaarheid lê egter êrens tussenin. Dat genoemde fasette ontbreek, hang ook saam met die feit dat van die afdelings reeds in 1979 voltooi is.

Afdeling C beslaan maklik 'n groot derde van die boek se bladsye. Hier word 'n inleiding aangebied op die teologie van die Paulusbriewe. Die aanbieding hou by die tendens van die navorsing oor Paulus se teologie en sistematiseer Paulus se denke in formele dogmatiese lokusse. Soos wat die vooronderstellings rondom 'n struktureel-semiotiese metode na verwagting veld wen, sal al meer vraagtekens agter so 'n lokusbenadering geplaas word. Die makrostruktuur van elke brief ontvang in so 'n benadering nie genoeg aandag nie.

Hierdie boek is vir die voorgraadse student meer as 'n inleiding in

die Pauliniese literatuur. Vir die nagraadse student in die teologie kan dit maklik die hoofdis wees. Vir die doktorale student kan dit as inleiding dien. Laasgenoemde groep sal die ietwat ouerige maar bruikbare literatuurlyste moet aanvul.

In die lig van die besonder vroeë afsluitingsdatum (1979!) van sommige artikels kan 'n hersiening van dié boek sy bruikbaarheid wat reeds hoog is, nog verder verhoog.

---

**Van der Walt, BJ et al 1986 – Sodat my huis vol kan word: Reformatoriese perspektiewe op ons evangelisasieroeping vandag**

Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Publikasie van die Instituut vir Reformatoriese Studies. 209 bladsye. Sagteband. Prys R12,00

**Resensent: Prof HG van der Westhuizen**

Die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS) van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, verdien werklik waardering vir sy aktiewe en aktuele publikasiestroom.

Die onderhawige publikasie is uiterlik nie baie aantreklik nie. Die voorblad is wel sinvol. Die inhoud van sewentien hoofstukke is kosbaar.

In die Vooraf wys BJ van der Walt, direkteur van IRS, op die aktualiteite van die onderwerp, die praktiese en kundige waarde van die boekie, asook op sekere gebreke. Omdat die samesteller op 'n uitgesproke selfkritiese wyse te werk gaan, is dit nie nodig dat hierdie resensie alle punte van kritiek na vore hoef te bring nie.

In sewentien hoofstukke word min of meer alle aspekte van evangelisasie byna volledig bespreek. PJ Buys, wat die inisiatief vir die publikasie geneem het, het self drie hoofstukke geskryf. Buys het sy eie definisie van sending waarmee verskil kan word. In byna die hele publikasie is daar 'n poging om die onderskeiding tussen evangelisasie en sending (afkomstig van FW Grosheide in Nederland in die vroeë veertigerjare) uit te wis. Vergelyk veral bladsye ii, 22, 65, 67, 91, 105, 114, 171, 174. Sommige skrywers handhaaf egter onbewus nog die onderskeiding. Ander doen dit doelbewus.

Nadat Buys die wie, wat, waarom, wanneer en hoe vrae kortliks,

konkordansiaans en staccato behandel het, bring hy die soewereiniteit van God in verband met evangelisasie in 'n tweede hoofstuk. Hier word die pragtige beeld van 'n huis gebruik om die plek van die uitverkiesing in die evangelisasie te verduidelik. Terwyl die fondament van die huis van saligheid die Goddelike uitverkiesing is, is Jesus Christus volgens Johannes 10: 9 die deur. Hulle wat in die huis is, roep die verbygangers nie toe om in te kom deur op die fondament te let nie, maar om die deur te vind.

JHS van der Walt wy aandag aan die amp van die gelowige ten opsigte van evangelisasie. Die laaste deel hiervan is minder bevredigend. Die skrywer se styl om tot oorvloed toe in die tweede persoon van jy en jou te skryf (bv bl 41, 42) raak te opvallend. Veral hierdie artikel het ook baie spel- en ander foute: dien in plaas van diens (bl 29), Vlg in plaas van Vgl (bl 33), dinges in plaas van dinge (bl 40), verstrooïng in plaas van verstrooiing (bl 40), Thess in plaas van Tess (bl 41), Lydia in plaas van Lidia (bl 42), en so meer.

Die praktiese riglyne vir 'n opleidingsprogram vir evangelisasie deur AN Helberg sal vollediger uitgewerk moet word om prakties nuttig geïmplimenteer te word.

Die verhouding tussen evangelisasie en gemeenteopbou is deur PJ Buys op 'n prikkelende wyse behandel. Interessant is die opmerking dat die begrip wedergeboorte ook in gesinsverband verstaan moet word (bl 62).

'n Amerikaner, DJ Hart gee 'n lesenswaardige artikel oor prediking en evangelisasie. Alle Engelse artikels is in Afrikaans vertaal. Hart handhaaf die onderskeiding tussen sending en evangelisasie en lê baie klem op Roland Allen se spontane uitbreiding van die kerk: 'die onaangemoedigde en ongeorganiseerde aktiwiteit van individuele lede van die kerk' (bl 66). Baie interessant is Hart se uitwysing van die 'uitnodigingsisteem' as gebaseer op Arminiaanse teologie! Hart beklemtoon ook dat Jesus veral by twee situasies altyd teenwoordig sal wees – ooreenkomstig sy belofte: by aanbidding (Matt 18: 20) en by sending (Matt 28: 20).

PJ Stevenson van die Church of England in South Africa, lewer in rustige styl 'n wydlopende praktiese aanbieding oor gemeentelike Bybelstudiegroepe. Hy pleit dat klein groepies, klein gemeentetjies wegspringplekke vir evangelisasie deur Bybelstudie moet wees. Hy bepleit huisstudiegroepe. Dit is nie baie duidelik hoe hy die kerklose en kerklosse by die huisstudiegroep wil betrek nie.

M Nel van die Ned Geref Kerk skryf oor jeugevangelisasie vanuit die

plaaslike gemeente. Sy styl boei. Hy dui aan dat die jeug 'n besondere belangstelling het in die 'performatiewe' karakter van die evangelie. 'Werk' die evangelie? Soms word terme baie cliché-matig of ongemotiveerd gebruik, soos byvoorbeeld 'verbondsjeug' op bladsy 96. Die beeld dat die vervreemde jeug oorkant Kerkstraat staan en by die oop vensters van hulle ouerhuise, ensovoorts, inkyk, en al verder met Weggaanstraat beweeg, is die deurlopende tema van hierdie artikel. Maar die preventatiewe kom nie baie sterk na vore nie; ook die missionêre kom nie baie duidelik uit nie. Die verbondsmilieu is flouerig gesubstansieer.

Nog 'n Ned Geref predikant, JA Victor, handel oor koffiekamerevangelisasie. Te veel en te lang aanhalings kom in hierdie bydrae voor. Treffend is sy aanhaling van Harkness se definisie van sekularisme: 'the organization of life as if God did not exist' (bl 103). Die tien stellings aan die einde is met die oog op die koffiekamerevangelisasie prakties die meeste werd.

Van Hervormde kant het CJA Simpson gehandel oor die gesprek in evangelisasie. Die probleem van so 'n versamelwerk is dat skrywers die sentrale tema elke keer eers opnuut inleidend formuleer. Dit bring herhaling voort. Soms is die artikel baie oorlaai en 'n bietjie tegnies om prakties volledig goed benut te kan word. Die wie, waarvoor, wat en hoe van die gesprek kom egter goed aan die orde.

APC Duvenhage ontmasker op interessante wyse 'n aantal mites ten opsigte van verslaafdes wat in die evangelisasie van verslaafdes onthou moet word.

Van Mema lewer WJC Olwagen 'n bydrae oor oudiovisuele middele by evangelisasie. Swartbord, flenniebord, flitskaarte, klankkassette, truprojektor, kleurskyfies (? bl 139), rolprente, televisie, video (gebottelde televisie), en so meer, word bespreek.

Met die eerste oogopslag wonder 'n mens waarom AR Kayayan van Amerika die bydrae oor radio-evangelisasie moes skryf en nie iemand van ons eie land nie? Tog is hierdie artikel uitstaande, waardevol en teologies gesond. Enkele aanhalings sal die waarheid van hierdie stelling voldoende bewys: 'Indien die ware taal (tale Kanaäns, bytydse taal) nie behou word (in die evangelisasie) nie, sal die evangelie as 't ware soos die droë en verkrummelde brode van die Gibeoniete (Jos 6) uitgedeel word in plaas daarvan dat dit as die Brood van die Lewe aangebied word' (bl 146). 'Die Evangelie volgens Lukas het waarskynlik die sterkste "sendingkarakter" van die viertal Evangelies en bevat een hoofstuk in die besonder (die vyftiende) waarin die één feit baie

duidelik beklemtoon word, naamlik: Daar ís verlorenheid, smart en verdriet; maar in die hemel sowel as op die aarde is daar ook verlossing, bekering en vreugde' (bl 148). Hy beskou die profete as openbare teologiese kommentatore op die nasionale lewe. Een se kommentaar spreek van 'n 'begeesterde wetenskaplike benadering' (Jesaja); die ander een (bv Amos) openbaar 'n 'gewyde onkunde'. 'Albei is evangelieverkondiging' (bl 151). Hy knoop die radiobediening (bediening kom van *ministry*, minister wat klein of kleinste beteken) vas aan Paulus se optrede op die ou Griekse *agorá* (ark). Soos Handelinge 17 se terrein 'n openbare terrein is, so het radio-evangelisasie ook sy eie besondere terrein – 'n gevaarlike plek. Daar bereik jy mense wat jy nie in die sinagoge of huis of ander gemeenskappe kon bereik nie (bl 153). Nog die belangrikste stelling wat hy maak, die belangrikste myns insiens in die hele publikasie is: 'Dit is natuurlik onnodig om te sê dat as Sondae se eredienste deeglik voorberei word, dit 'n uiters nuttige middel kan wees om die kerklose massas te bereik' (bl 158).

PC Kruger gee 'n interessante oorsig oor die moontlikhede van noodlynevangelisasie.

AC Barnard, weer 'n Ned Geref teoloog, handel oor die omvang en oorsake van vervreemding en buitekerklikheid. Metingmetodes van vervreemding word bespreek. Dat vervreemding verbondsverbreking is, is 'n essensiële benadering. Onbesielde eredienste word as een van baie oorsake van vervreemding aangetoon: 'Die Woord van God word kragteloos gemaak, soos mense wat met sterk geïsoleerde tange aan die lewende kragdrade werk – hulle ondergaan geen skok daarvan nie' (bl 181).

TM Moore van Amerika (in elk geval geen heiden, Jood of Mohammedaan nie – maar verder is hy nie bekend gestel nie!) lewer 'n interessante bydrae met substantiewe voorbeelde van apologetiek.

Die laaste artikel stel die meeste teleur. Oor die algemeen skryf DJ Bosch, Ned Geref teoloog van Unisa, 'n aangrypende stuk oor wat met die **kerk** moet gebeur wanneer die kerk sending doen. Dat daar 'n reflektiewe uitwerking moet wees, is waar. Maar deur 'n verwysing na Niles wat sê dat sending die een bedelaar is wat vir 'n ander bedelaar vertel waar hy brood kan kry en deur spitsvondig verkeerde sending te vergelyk met die ryk oom wat sy nefies en niggies besoek en lekkers uitdeel, word die eenvoudige waarheid 'n bietjie verdoesel. Ons, die gelowiges, is nie meer bedelaars nie, nie meer slawe nie, maar kinders van die ryk Vader aan wie alles behoort. Self behoort ons aan Christus en Christus aan God. Bosch se filosofie kom daarop neer dat die divi-

dend van outentieke sending vir die kerk in Suid-Afrika, uiteindelik moet uitloop op politieke integrasie. Behalwe in die titel van die artikel kom die spesifieke van evangelisasie geensins in Bosch se artikel direk aan die beurt nie.

Taalkundig is die versorging van die hele bundel goed. Soms is daar wel foute. Omdat op bladsy iv sprake is van 'n tweede druk, noem ek van die foute. Op bladsy 4 word missionêre elke keer met een s gespel. Impressario is met een s gespel (bl 81), apostoraat in plaas van apostolaat (bl 105). Soms kan 'as' maar met 'wanneer' vervang word (bl 131).

Gebreke in die saamgestelde bibliografie is lastig. Krüger (van bl 13) ontbreek (op bl 206); Du Toit (van bl 14) ontbreek (op bl 205). Die datum 1962 by Du Toit is miskien ook foutief. Van der Waal (van bl 17), ontbreek (op bl 208); Strauss (van bl 19) ontbreek (op bl 207); Brillenburg Wurth (van bl 25) ontbreek (op bl 203).

Die kritiek teen Stavast, op 'n te persoonlik vlak (bl 20), is in 'n boek waarvan die opset is om as handleiding by skolingsgeleenthede te dien, onvanpas.

Soms word afkortings in sinne gebruik, soms word die ou spellingswyse gebruik, byvoorbeeld: bladsy 18 en 117: Ex; bladsy 25: Thess; bladsy 132: Nathan.

Op bladsy 18 word Postma gedateer 1875 en dan weer 1975. Op bladsy 57 moet 'met' 'moet' wees en by HK 48 ontbreek dit of dit vraag 48 of Sondag 48 is. Omvattende het nie drie t's nie (bl 108). Engelisasie in plaas van evangelisasie (bl 114). Op bladsy 30 kort 'n r in frustrasie, en 'n g in regkry. Afskrik in plaas van die verkeerde afskrif (bl 167). Eksploiteerder in plaas van ekseplioteerder (bl 168). Geskiedenis in plaas van die verkeerde beskiedenis (bl 190). Bevind in plaas van vind (bl 114). Hoofletter- en kleinletterprobleme vind ons onder andere op: Heiliges in plaas van heiliges (bl 21); Soewereine in plaas van soewereine (bl 25); Kerk en kerk (bl 132).

Elke predikant en alle evangelisasierade of -kommissies behoort hierdie publikasie te lees. Departemente Praktiese Teologie en Sendingwetenskap moet ook kennis neem.

**Ds Vlampie, 1985 – Wie is dit wat onnodig seerkry? 'n Boek oor verslawing en verlossing**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 190 bladsye. Prys R11,50

**Resensent: Dr PB Boshoff**

Ds Vlampie is 'n skuilnaam van die predikantskrywer wat homself 'n alkoholis noem en 'n alkoholis is vir hom iemand wat erken en aanvaar dat hy 'n alkoholis is, wat hulp soek en wat nugter word en sy foute gaan regmaak (bl 186). Hiermee het ons ook in breë trekke die verloop van die argument, naamlik die alkoholis; hulp vir hom; hoe gaan ons verder?

Dis duidelik dat ds Vlampie goed vertroud is met die onderwerp waaroor hy skryf. Mens kom dit agter aan die gemaklike lekker taal wat hy gebruik en die gebalanseerde aanbieding van die saak. Vir die predikant se optrede teenoor die alkoholis kom die wenk: 'Hy moet liefde, begrip en geduld hê en aanhou, aanhou, aanhou' (bl 145). Verderaan lees ons die opmerking: 'Soms is dit nodig om 'n alkoholis maar 'n rukkie te laat drink na 'n terugval voordat jy weer aandag aan hom gee, veral as jy tog 'n bietjie moedswilligheid aan sy kant bemerk' (bl 174).

Die boek is ingedeel in twee dele. Eerstens word die probleem behandel. Tweedens die oplossing daarvan. Mens sal moontlik nog sulke handige handleidings oor hierdie onderwerp kry, maar seker nie sommer 'n beter een nie. Terwyl daar in ons gemeentes ook nou aandag en hulp aan verslaafdes op 'n georganiseerde basis beplan word en ds Vlampie juis 'n spanbenadering volg, lyk dit of hierdie boek op die regte tyd verskyn het.

---

**Dreyer, PS 1985 – Geboorte – Huwelik – Dood**

Pretoria: Kital. Hersiene verbeterde uitgawe. 155 bladsye. Prys R9,95

**Resensent: Ds HJ Botes**

Hierdie publikasie is 'n hersiene verbeterde uitgawe van die oorspronklike bundel wat in 1955 uitgegee is. Interessant genoeg, was die uitgawe van 1955 die eerste boek wat die NHW-Pers uitgegee het,

'n organisasie waaruit talle bloeiende ondernemings in die uitgewersbedryf gegroei het.

'n Mens is diep dankbaar dat die kostelike werk nou in so 'n goed versorgde vorm beskikbaar gestel is. Die outeur wat self verantwoordelik was vir die hersiening, het gesorg dat sy gedagtes in 'n byderwetse idioom spreek.

In die voorwoord word gestel dat hierdie boek bedoel is vir ouer jongmense, dit wil sê daardie jongmense wat 'n jaar of twee-drie gelede die skool verlaat het. Dit is inderdaad so dat die boek 'n kosbare padwyser is vir die jongmens van ons dag wat sy weg moet vind in 'n verwarde wêreld. Dit is egter nie net jongmense nie, maar elke belydende lidmaat wat baie waarde kan put uit hierdie voortreflike stuk werk, wat vanweë die skrywer se vloeiende styl van die begin tot die einde boei.

In die bestek van tien hoofstukke word die breë spektrum van die mens se lewensloop van naderby bekyk. Van geboorte tot en met die dood. Wesenlike sake soos byvoorbeeld doop, geloof, aborsie, sektarisme, opvoeding en nog vele meer word aan die orde gestel.

Van aktuele belang is die gedeelte wat handel oor die verhouding tussen die geslagte. Met 'n oorwoë aanslag, gefundeerd op die Bybel word helder leiding gegee aan veral die voor-huwelikse verhouding tussen man en meisie. Oor die huwelik as sodanig word insiggewend gepraat aan die hand van die klassieke huweliksformulier.

Hierdie publikasie is 'n boek wat betekenisvol deur predikante, NHSV-vergaderings en verskeie diensgroepe gebruik kan word as toerustingsmateriaal. By die lees en herlees van die werk kan 'n mens nie anders nie as om die ongedwonge wens uit te spreek dat elke volwasse lidmaat intensief sal kennis maak met die boek.

Sommige lesers sal seker allerhande akademiese besware wil aanvoer teen die outeur se beskrywing van verskeie sake. Dit sal egter kritiek wees deur persone wat nie in noue voeling leef met die deursneelidmaat nie. Die trefkrag van die boek is juis geleë in die feit dat op duidelike, eenvoudige en toeganklike manier die groot lewensbeginsels bespreek word. Diepsinnige waarhede word op verstaanbare wyse tuisgebring, terwyl dit glashelder is dat hierdie die pennevrug is van 'n skerp intellek, 'n mens met innige deurleefde geloofsoortuigings.

Die boek word van harte aanbeveel, dit is van die heel beste van sy soort in Afrikaans.